

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## MOSES SE SLUIER

*En daarna het al die kinders van Israel nader gekom, en hy het hulle alles beveel wat YHVH met hom gespreek het op die berg Sinai. Toe Moses klaar met hulle gespreek het, het hy 'n sluier oor sy gesig getrek. Maar as Moses voor die aangesig van YHVH kom om met Hom te spreek, neem hy die sluier weg, totdat hy uitgaan. As hy dan uitgaan en aan die kinders van Israel meedeel wat hom beveel is, sien die kinders van Israel die gesig van Moses, dat die vel van Moses se gesig blink; daarop trek Moses dan weer die sluier oor sy gesig, totdat hy ingaan om met Hom te spreek. Ex. 34:32 tot 35*

Bogenoemde gebeurtenis word deur Paulus in 2 Kor. 3:5 tot 18 as beeldspraak gebruik om 'n baie belangrike geestelike waarheid te verduidelik. Daar bestaan egter baie verwarring oor wat Paulus hiermee bedoel het. Die Kerk gebruik hierdie graag as bewys dat gelowiges in Yeshua vry van die wet is, naamlik vry van Torah, en dat diegene wat dus glo dat YHVH se wet steeds onderhou moet word, 'n bedekking oor hulle hart het (2 Kor. 3:15). Maar is dit werklik wat Paulus ons hier wil leer? Leer Paulus ons dat YHVH se wet (Torah) opgehef is en dat gelowiges wat nog gehoorsaam aan Torah lewe mislei is? Kom ons lees hierdie gedeelte eers baie aandagtig alvorens ons die betekenis ondersoek. Paulus skryf:

*Nie dat ons uit onself bekwaam is om iets as uit onself te bedink nie, maar ons bekwaamheid is uit God, wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe verbond, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend.*

*En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlijkheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlijkheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan,*

*hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlijkheid wees nie?*

*Want as die bediening wat veroordeel, heerlijkheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlijkheid.*

*Want wat verheerlik was, is ook in hierdie geval nie verheerlik nie, vanweë die alles oortreffende heerlijkheid.*

*Want as wat moes vergaan, met heerlikheid was, veel meer is wat moet bly, in heerlikheid.*

*Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid; nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie.*

*Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Messias vernietig word.*

*Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart;*

*maar wanneer hulle tot YHVH bekeer is, word die bedekking weggeneem.*

*YHVH is die Gees, en waar die Gees van YHVH is, daar is vryheid.*

*En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van YHVH aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur YHVH wat die Gees is.*

*2 Kor. 3:5 tot 18*

In vers 5 en 6 sê Paulus dat YHVH hulle bekwame bedienaars van 'n nuwe (hernieude) verbond gemaak het waarvan die essensie nie die letter is nie, maar die Gees, *want die letter maak dood, maar die Gees maak lewend*. Paulus bevestig dus hier dat die wet, naamlik die Torah wat YHVH se onderrig en instruksies is, nie die mens kan red nie. Paulus het ook in van sy ander briewe bevestig dat die bedoeling van die wet nie vir redding is nie (Rom. 3:21 en 28; Rom. 4:14). Dit is alleenlik deur geloof wat die mens gered word (Rom. 4:16). Hierdie beginsel was reeds in die ou verbond van krag. So is Abraham deur geloof gered (Gen.15:6), asook Israel deur geloof in die geslagde lam en die bloed aan die deurkosyne van hulle huise (Ex. 13:6 tot 13).

Die wet van die Gees van die lewe in Yeshua maak my wel vry van die wet van die sonde en die dood (Rom. 8:2). Dit is net die Gees wat lewend kan maak en nie die vlees nie (Joh. 6:63). Deur wedergeboorte word ons vrygespreek van die vonnis wat oortreders van die wet (Torah) opgelê word en is ons daarom vry **onder** wet. Let wel: Ons is **vry onder die wet** en **nie vry van die wet nie**, soos wat Paulus in Rom. 3:31 bevestig:

*Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.*

In sy brief aan die Korinthiërs (2 Kor. 3:5 tot 18) vergelyk Paulus dan die bediening van die wet (Torah) met die bediening van die Gees. Hy open sy vergelyking van die twee bedieninge met die woorde: *En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlikheid was,.... hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlikheid wees nie* (verse 7 en 8). Paulus verduidelik dat die wet (letters op klip) ooreenkom met die bediening van die dood omrede YHVH se wet die mens aankla, skuldig bevind en vonnis. Daarom is die loon van die sonde die dood (Rom. 6:23). Die

probleem is dus nie die wet nie, maar wel die mens wat nie die wet (die Torah) kon onderhou nie.

Paulus sê egter dat hierdie wet het wel met heerlijkheid gekom *sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlijkheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan* (vers 7). Hierdie heerlijkheid (*doxa* in Grieks) is die majesteit (prag, glans en grootsheid) van YHVH en van dit wat aan Hom behoort as die Koninklike Opperheerser en wat spreek van die absolute volmaaktheid van die Godheid (Thayer's Greek Definitions; G1391). Die wet, naamlik Torah, is dus deel van die heerlijkheid (*doxa*) van YHVH en Yeshua Messias. Paulus bevestig dus dat die wet, naamlik die Torah wat YHVH se onderrig en instruksies is, die heerlijkheid, majesteit en volmaaktheid van YHVH is. Hierdie heerlijkheid (prag, glans en grootsheid) was sigbaar op die gesig van Moses tot so 'n mate dat hy sy gesig moes bedek.

Paulus sê egter dat hierdie heerlijkheid uiteindelik *tog moes vergaan*. Waarom? Dit moes plek maak vir 'n groter en blywende heerlijkheid. Wat is hierdie heerlijkheid wat groter is as die wet (as Torah)? Dit is Yeshua Messias – die genade van YHVH en die Torah wat vlees geword het (Joh. 1:1 tot 3 en 14). Daarom skryf Paulus dat as die bediening van die dood (die wet, die Torah) met soveel heerlijkheid gekom het, *hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlijkheid wees nie? Want as die bediening wat veroordeel, heerlijkheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlijkheid* (vers 9).

Wat is *die bediening wat regverdig maak*? Dit is die bediening van die Gees wat lewend maak, naamlik die versoening deur geloof in Yeshua as die Lam van YHVH wat geoffer is as sondevergiftinis vir elkeen wat YHVH se wet (Torah) oortree. Dit is om vrygespreek te word van die wet van sonde en die dood en om deel te word van die wet van die genade en lewe in Yeshua (Rom. 8:2). Hierdie bediening het 'n *oorvloedige en als oortreffende heerlijkheid* in vergelyking met *die bediening wat veroordeel*. Yeshua Messias is *die bediening wat regverdig maak*. Dit is 'n blywende heerlijkheid en nie 'n verdwynende (verbygaande) heerlijkheid nie. Die bediening wat regverdig maak, naamlik die mens as geregverdig in YHVH verklaar (2 Kor. 5:21), is die **als oortreffende** koninklike majesteit van die Opperheerser wat spreek van die absolute volmaaktheid van YHVH se liefde, goedheid en genade. Dit oortref in alle opsigte die bediening van die wet (die Torah)!

Daarom hoef ons nie soos Moses ons gesig te bedek nie! Nee, ons kan met onbedekte gesig die heerlijkheid van Yeshua ons Meester aanskou en vertoon terwyl ons al meer (toenemend) gelykvormig word aan hierdie heerlijkheid deur die werking van die Afgesonderde Gees. Dit is nie 'n heerlijkheid wat afneem nie, **MAAR toeneem!!!** Die wat deur geloof in Yeshua Messias die geregtigheid van YHVH ons Vader is, is vry van die wet van sonde en dood. Die aanklag is teruggetrek, want die prys is betaal. Ons leef nie meer onder

die oordeel van Torah nie, maar onder die genade in Yeshua waar Torahgehoorsaamheid 'n lewe in oorfloed word.

In Yeshua Messias is ons **vry onder die wet**, maar **nie vry van die wet nie!!** Deur geloof in Hom wat regverdig maak, word ons hart van klip uitgehaal sodat ons 'n hart van vlees kan ontvang (Eseg. 11:19 en 20) waarop YHVH se wet geskryf word (Jer. 31:31 tot 34; Heb. 8:8 tot 12). Met 'n hart van vlees waarop Torah geskryf is kan ons nou in Yeshua ons Messias as vrygesprektes volgens YHVH se insettinge wandel en Sy verordeninge hou en doen (Eseg. 11:20). Yeshua is die blywende heerlijkheid van YHVH – meer as wat die Torah kan wees.

Paulus waarsku egter dat daar diegene is wie se sinne verhard is, naamlik hulle gedagtes is nie deur die waarheid vernuwe nie. Wanneer hulle dus die wet (Torah) lees, sien hulle steeds net die verbygaande heerlijkheid van die wet, naamlik die bediening van die dood, en nie die als oortreffende heerlijkheid van die bediening van die lewe, naamlik die genade in Yeshua Messias wat hulle vryspreek van die skuldvas van die wet nie. Dit is hoekom Paulus geskryf het:

*Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Verbond dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Messias vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; 2 Kor. 3:14 en 15*

Daar lê dus 'n bedekking oor hulle hart, want hulle sien slegs YHVH se wet (Torah) sonder om Yeshua in Torah te sien. Hulle sien slegs die letter van die wet en nie die Gees wat lewe gee nie. Daarom is Yeshua se woorde op hulle van toepassing, naamlik:

*Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig – Moses op wie julle gehoop het. Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo? Joh. 5:45 tot 47*

By diegene is die hart van klip nog nie verwyder en deur 'n hart van vlees vervang nie (Eseg. 36:26 en 27). YHVH se wet, naamlik sy Torah, is nog nie op hulle harte geskryf nie (Jer. 31:33; Heb. 8:10). Hierdie bedekking kan slegs weggeneem word wanneer hulle voor die aangesig van YHVH kom (Ex. 34:35, 2 Kor. 3:16) en hulle bekeer. Messias is die een wat die sluier wegneem. Alleenlik wanneer die mens Yeshua as Messias aanneem en glo dat Hy die Een is van wie Moses in die wet geskryf het, sal die sluier weggeneem word.

Leer Paulus ons dat die wet verdwyn het? Nee, hy leer ons dat die heerlijkheid van die wet verdwyn het en nou totaal oorskadu word deur die heerlijkheid van Yeshua? Paulus getuig dat die wet goed, afgesonder en regverdig is (Rom. 7:12). Hy is nie gekant teen die Torah nie, maar bevestig

dat dit ons steeds leer wat sonde is (Rom. 7:7). Torah is ons tugmeester na Messias toe, sodat ons kan weet wanneer ons ootree het en met berou vergifnis kan ontvang. Die wet (Torah) is nie tot niet verklaar nie, maar die heerlijkheid daarvan het verdwyn om plek te maak vir die Lewende Torah, ons Messias (Joh. 1:1 en 2). Torah getuig van hierdie heerlijkheid (Joh. 5:46) wat sou kom om die sondeskuld te betaal en elkeen vry te spreek van die skuld. Maar hy wat hom nie bekeer en laat doop nie, sal hierdie heerlijkheid nie sien nie (Hand. 2:38 en 39). Hy wat nie deur die Gees wedergebore word nie, sal nie in hierdie vryheid kan deel nie!

Die wet, naamlik Torah, is nie tot niet verklaar nie, maar Yeshua het dit kom volbring (bevestig en 'hernu'). Dit wat die wet belowe, naamlik vergifnis deur die Eenmalige Offer, is vervul. Die wet (Torah) getuig van, en is 'n heenwysing na hierdie genade in Yeshua Messias, maar is ook YHWH se onderrig en instruksies hoe om as geregverdigdes te lewe om YHWH se seëninge deelagtig te wees. Dit waarvan die wet getuig, is vervul tydens die folterdood en opstanding van Yeshua Messias. Geloof in Yeshua as Messias het ons vrygespreek van die sonde skuld. Nou kan ons sonder 'n gewetenslas YHWH se liefdevolle onderrig en instruksies deel van ons geloofslewe maak.

Vandag is daar diegene wat net die wet (Torah) sien en nie Messias van die Torah nie (Judaïsme, ortodokse Jode) en dan is daar diegene wat net Messias en nie die Torah sien nie (die Kerk). Messias en die wet (Torah) is egter onafskeidbaar, want Messias is Torah – die Lewende Torah wat in ons harte tabernakel. Die wat beide sien, maar verstaan dat die bediening van Lewe wat regverdig maak die aloorheersende blywende heerlijkheid van YHWH is, sal lewe en oorvloed deelagtig wees.

Sonder die wet kan daar geen vryheid wees nie en sonder Yeshua is daar geen genade nie. Die verskil tussen die ou en die nuwe (hernude) verbond is die plek waar die wet geskryf is. Onder die ou verbond was dit op kliptafels geskryf, maar onder die hernieude verbond is dit op die harte van die gelowiges in Yeshua geskryf.

Daarom hoef ons nie soos Moses ons gesig te bedek nie! Nee, ons kan met onbedekte gesig die heerlijkheid van Yeshua ons Meester aanskou terwyl ons al meer (toenemend) gelykvormig word aan hierdie heerlijkheid deur die werking van die Afgesonderde Gees wat ons leer en lei om aan al YHWH se onderrig en instruksies gehoorsaam te wees. Torah-gehoorsaamheid is die weg tot 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priestedom wat afgesonder vir YHWH lewe. (1 Pet. 2:9).

*Ontvang YHWH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom  
Johan Kriel

Epos: [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*